KAMIESBERG MUNISIPALITEIT

UITGAWE #6

Jeugmaand boodskap van Burgemeester 2024

Hierdie jaar is die 48ste herdenking van die 16 Junie 1976 studente-opstand in Soweto, toe jongmense betoog het teen die Bantoe-onderwyswet, wat Afrikaans as onderrigmedium in skole afgedwing het, en apartheidswette wat swart Suid-Afrikaners onderdruk het.

Tydens hul betoging het swaar gewapende polisie op die studente geskiet wat gelei het tot die tragiese verlies van baie onskuldige lewens. Die 1976 Soweto-opstand was 'n keerpunt in ons nasie se stryd om bevryding.

Ter ere van hul lewens en baie opofferings, herdenk ons elke jaar op 16 Junie Nasionale Jeugdag sedert 1994. Vanjaar se herdenking van Jeugmaand sal bykomende betekenis hê aangesien dit saamval met die viering van 30 Jaar van Vryheid.

Vanjaar se jeugmaandherdenking fokus onder andere op sport vir ontwikkeling van ons jeug en ons nasie en sluit verskeie ontwikkelingsaktiwiteite in wat regoor die land gehou sal word in die lei tot Jeugdag.

Ons eerste demokratiese president, Nelson Mandela, het gesê: “Sport het die mag om die wêreld te verander. Dit het die krag om te inspireer. Dit het die krag om mense te verenig op 'n manier wat min anders doen. Dit spreek tot die jeug in ’n taal wat hulle verstaan.”

Sport het die krag om die lewens van die jeug positief te beïnvloed en hulle te help om sommige van die uitdagings wat hulle in die gesig staar, aan te pak. Deur sport kan die jeug geleenthede vir groei en belegging ontsluit

INHOUDSOPGAWE

- Pad projek
- Jeug program
- Hulpbehoewende Subsidie
- Munisipale Raad
- Nuut aangestelde Senior Bestuurders
- Tarriewe lys 2024/2025
- Community Works Programme, bladsy
- Kontak besonderhede

PAD PROJEK IN GARIES.

Hierdie pad projek is daar gestel om die binnestrate van Garies te vul waar slaggate voor kom sowel as die verf van spoedwippe en parkeer tekens.

Hierdie projek is befonds deur EPWP toelae. Daar was nege tydelike werksgeleenthede gebied vir die afgelope maande.

JEUG "BUILD-UP" PROGRAM

Op 14 Junie 2024 het department van Maatskaplike Ontwikkeling insamewerking met Kamiesberg Munisipaliteit 'n jeugprogram gehou by Moertjieklip, sowat 20 km buite Klipfontein.

Jeugdiges was ingery vanaf Garies, Tweerivier, Kharkams en Klipfontein om hierdie program by te woon. Die tema van hierdie program was "My kom vandaan"

Jeugdiges het tydens hierdie program melding gemaak wat hul verwag van die plaaslike regering om hul kom vandaan 'n beter plek te maak om in te woon.

'n Potjiekos kompetisie was gehou tussen die verskillende dorpe. Tweerivier jeugdiges het weggestap as die kampioene!

'n Groot dank aan al die rolspelers wie dit moontlik gemaak het.

Hulpbehoewende Subsidie aansoeke

Die Hulpbehoewende subsidie aansoeke word jaarliks tydens Junie afgeneem by die hoofkantoor sowel as die plaaslike dienspunte.

Hierdie is ‘n poging vanaf regering se kant af om inwoners te help die betlaing van hul diensterekenings, sowel as om afslag te gee op sekere dienste.

Hierdie jaar is die aansoeke weer afgeneem, maar is dit ‘n deurlopende proses. Inwoners wie se finansiele omstandighede verander gedurende die jaar, mag die naaste munisipale kantoor besoek om aansoek te doen, indien hy/sy aan die kriteria voldoen.

Die kriteria vir hierdie finansiele jaar is soos volg;

- Gesertifiseerde afskrif van beide man en vrou, indien getroud.
- Inkomste bewys van man en vrou, indien getroud. Inkomste per maand mag nie meer as R5000.00 wees nie.
- Werkloosheidsverklaring indien werkloos.



Kamiesberg Munisipale Raad 2021-2026

Op 02 Desember 2021 is die nuutverkose en herverkose raadslede ingehuldig. Hierdie verrigtinge het plaasgevind in Garies. Raadslid Susarah Nero is weer verkies as die Burgemeester en Raadslid Melvin Cloete is verkies as die Raad se Speaker, al die ander raadslede is ook in Komitees in verkies.

Tans is die Raad van Kamiesberg nou al meer as twee jaar in hul posisies en word daar geglo dat inwoners bekend is met hul raadslede in die verskillende wyke.

(Foto onder van links na regs)

Raadslid Leonard Petersen, ANC (Wyk 1)
Raadslid Christoffel Coetzee,DA (Wyk 2)
Raadslid Susarah Nero ANC (Wyk 5)
Raadslid Melvin Cloete, ANC PR
Raadslid Piet Smit, ANC (Wyk 6)
Raadslid Rachel Cloete, ANC (Wyk 3)
Raadslid Brandon Brandt, ANC (Wyk 4)
Raadslid Dawid Markus, NEF PR
Raadslid Chantil Kordom, DA PR
Raadslid Sabiena Cloete, NCM PR
Raadslid Marietjie Hanekom, DA PR

Die kamiesberg is baie trots op hul raadslede en wens hul alle sterkte toe.

Nuut aangestelde Senior Bestuurders

HOOF FINANSIELE BEAMPTE

Op 17 Julie 2023 is Mnr Frederick S Strauss aangestel as die Hoof Finansiele beampte by Kamiesberg Munisipaliteit. Mnr Strauss het studeer by CPUT vir ‘n nasionale diploma in Rekeningkunde en ‘n BTech in Koste en Bestuurs Rekeningkunde.

Mnr Straus is tans in besit van ‘n Nagraadse Diploma in Ontwikkelende Finansies en ‘n Meestersgraad in Ontwikkellende Finansies. Huidiglik besig met navorsing in tweede Meestersgraad by Universiteit van Pretoria in Bedrog Risiko Bestuur.

Mnr Strauss se oorsprong is Eksteenfontein in die Richtersveld munisipale area. Kamiesberg Munisipale Raad en administrasie wens hom alle sterkte toe met sy werksaamhede.

Hoof Tegniese Beampte

Op 01 Maart 2024 is Mnr Theunis R Cloete aangestel as Hoof Tegniese Beampte by Kamiesberg Munisipaliteit. Mnr Cloete is oorspronlik van Steinkopf en het jare lange werksondervinding in die tegniese veld. Hy het sy tersiere opleiding voltooi by Stellenbosch Universiteit en is in besit van ‘n Baccalaureus-graad in Ingeneurswese.

Die Munisipale Raad en administrasie verwelkom hom en vertrou dat hy sy beste sal lewer tydens sy diensperiode.

Tarriewe lys vir 2024/2025

Water:
Residensiële beskikbaarheid: R 105,07
Besighede beskikbaarheid: R 115,15

Vullis
Residensiële verwydering: R 101,00
Besighede verwydering: R 187,91

Sanitasie:
Riool residensieel: R 250,54
Dreintrekke: R 277,80
Dreintrekke Hulpbehoewend: R 138,98
Dreintrekke (Skole, koshuise, Hospitaal): R 541,47

Elektrisiteit:
Huishoudelike Pre-paid: R 3,27
Huishoudelike Konvensioneel Basies: R 437,97
Huishoudelike Konvensionele verbruik: R 3,27
Besigheid Pre-paid: R 3,36
Basiese Besighede konvensionele: R1198,02
Besighede Konvensionele tarief: R 4,12
Drie fase: R 1733,52
Drie fase konvensionele tarief: R 3,36

Hulpbehoewende Subsidie:
50 Eenhede gratis Elektrisiteit
Water beskikbaarheid 100% subsidie
Vullisverwydering 100% subsidie
Riool 50% subsidie
Dreine 50% subsidie

Volledige tarriewe lys kan verkry word by die verskillende Munisipale Dienspunte asook op die webtuiste.

CWP, ‘n program om gemeenskappe se lewens te verbeter.

Die “Community Work Program” (CWP) is ‘n regerings inisiatief wat daarop gebaseer is om armoede te verlig, deur werklose mense bo 18 jaar werksgeleenthede te bied. Deelnemers aan hierdie program sal vir 8 dae in een maand aktief besig wees in hul verskeie dorpe.

Die doel van hierdie program is om die werkloses syfer in Suid – Afrika, sowel as Kamiesberg Munisipale area te laat daal en by te dra in die ontwikkeling van arm gemeenskappe, ook om die ekonomiese klimaat te versterk en om werksondervinding geleenthede vir mense te bied deur opleidings te bied.

Huidiglik is daar 346 deelnemers besig binne die Kamiesberg area. Tans is daar nog nie goedkeuring vir al die persone wat aansoek gedoen het nie.

Inwoners word versoek om hierdie program te ondersteun.

KONTAK BESONDERHEDE
Privaatsak X200
22 Main Street
Garies
8220
(t) 027 6528 000
(f) 027 6528 001

Like ook ons Facebookblad:
Kamiesberg Munisipaliteit

Besoek ook gerus ons webtuiste:
www.kamiesberg.gov.za